

# GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

## HANDELINGE

### VAN DIE AGT EN VEERTIGSTE NASIONALE SINODE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA GEHOU TE POTCHEFSTROOM OP 6 JANUARIE 2003 EN DIE VOLGENDE DAE

#### 1. AMPTELIKE OPENING

##### 1.1 *Opening Roepende Kerkraad (Art.1)*

Die Voorsitter van die Roepende Kerkraad (Potchefstroom-Noord), ds. HS Coetzee, open die vergadering deur uit Sagaria 8:1-6, 16-17 en 20-23 voor te lees, Ps. 33:7 en 11 te laat sing en voor te gaan in gebed.

##### 1.2 *Verwelkoming (Art.1)*

Ds. HS Coetzee rig hierna namens die Roepende Kerkraad 'n hartlike woord van verwelkoming aan alle afgevaardigdes.

##### 1.3 *Konstituering (Art.2)*

Kredensiebriewe is van al die Deputate Korrespondensie van die Partikuliere Sinodes ontvang. Dit is behoorlik onderteken en in orde bevind.

1.3.1 Die volgende afgevaardigdes is teenwoordig:

#### Partikuliere Sinode Pretoria

##### **Predikante**

Ds. LD Aucamp  
Dr. DG Breed  
Ds. HJP de Beer  
Ds. HT de Villiers  
Ds. IW Ferreira  
Ds. BCG Fourie  
Dr. NP Heystek  
Dr. PH Heystek  
Dr. J le Roux  
Ds. NW Ligthelm  
Dr. PP Kruger  
Ds. HLJ Momberg  
Ds. MJ Smidt  
Dr. HG Stoker  
Ds. SC Vorster

##### **Ouderlinge**

Oudl. NJL van der Meer (sek)  
Oudl. WJ Cilliers  
Oudl. WJ Coetzer  
Oudl. JJ Hertzog (sek)  
Oudl. HA du Plessis  
Oudl. DJP Erasmus  
Oudl. A Hibbert  
Oudl. B Wesseloo (sek)  
Oudl. P Kruger  
Oudl. GJ Oosthuizen  
Oudl. H Steenkamp  
Oudl. RG van Rooyen  
Oudl. P van Staden  
Oudl. P van der Kooi (sek)  
Oudl. RJW van der Kooy

#### Partikuliere Sinode Bosveld

##### **Predikante**

Ds. JC Aucamp  
Dr. IL Bekker  
Ds. ALA Buys  
Ds. SA Cilliers  
Ds. DJ de Kock

##### **Ouderlinge**

Oudl. P Aucamp  
Oudl. LJ Buys  
Oudl. LJ de Beer  
Oudl. CJ Kruger  
Oudl. KJ Nieuwoudt

Ds. SD de Kock  
Ds. JE Franck  
Ds. PJ Jansen van Nieuwenhuizen  
Dr. FP Kruger  
Ds. CJ Nagel  
Ds. PJ Nel  
Ds. BC Smit  
Ds. CB Swanepoel  
Ds. TJ van Vuuren  
Ds. PJ Venter

Oudl. FK van Schalkwyk  
Oudl. H van der Wateren  
Oudl. L van Dalsen  
Oudl. CPJ du Plessis [afwesig met versk]  
Oudl. JC Yssel (sek) [afwesig met versk]  
Oudl. G Yssel (sek)  
Oudl. MC Hattingh (sek)  
Oudl. JP Viljoen  
Oudl. HJH Vorster  
Oudl. PT van Staden

### Oostelike Partikuliere Sinode

#### Predikante

Ds. EJ Tiemensma  
Ds. CJH Breed  
Ds. LH van Schaik  
Ds. PJ van der Walt  
Ds. J van Schaik  
Ds. PH Fick  
Dr. DJS Steyn  
Dr. SF Kruger  
Ds. C Kruger  
Dr. AJ Kruger  
Ds. PD van Dyk  
Ds. HL Stavast  
Ds. DJ Bakker  
Ds. JH Howell (sek)  
Ds. JH Cilliers

#### Ouderlinge

Oudl. F vd Postma  
Oudl. JL van Vuuren  
Oudl. J Bakker  
Oudl. BD Bakker  
Oudl. WJ Coetzee  
Oudl. MHJ du Preez  
Oudl. J van der Walt  
Oudl. HH Wrigth (sek)  
Oudl. PJJJ Potgieter  
Oudl. J Mulder  
Oudl. MJ van Staden  
Oudl. ASA de Bruyn  
Oudl. MJ Kruger  
Oudl. L Lessing  
Oudl. AD Goede (sek)

### Partikuliere Sinode OVS en Natal

#### Predikante

Ds. CA Jansen  
Ds. W Vogel  
Ds. Pieter J van der Walt  
Ds. PK Lourens  
Ds. TJ Potgieter  
Dr. FW de Wet  
Ds. PA Coetzee  
Ds. MJ du Plessis (Heilbron)  
Ds. RA Bain  
Ds. AH Klopper  
Ds. JL Aucamp  
Ds. T Kruger  
Ds. HB Hattingh  
Ds. WJ Botha  
Ds. SP Venter

#### Ouderlinge

Oudl. IJ Knoesen  
Oudl. AJ van Wyk  
Oudl. MJ du Plessis  
Oudl. JH Buys (sek)  
Oudl. BR Buys  
Oudl. A Malan  
Oudl. AJ Fourie (sek)  
Oudl. JL Muller  
Oudl. JW du Plessis  
Oudl. JE Kotze  
Oudl. CJM du Plessis  
Oudl. HJ Briel  
Oudl. PJJ Terblanche  
Oudl. HJ Prinsloo

## **Suidelike Partikuliere Sinode**

### **Predikante**

Ds. RG Aucamp  
Dr. PW Bingle  
Dr. VE d' Assonville  
Dr. MJ du Plessis  
Ds. CS Grobler  
Ds. BR Kingma  
Ds. J Malan  
Ds. D Pansegrouw  
Ds. H Reinecke  
Ds. JL van der Schyff  
Ds. JP van der Walt  
Ds. SFF van der Walt  
Ds. KAJ van Rensburg  
Ds. HC van Rooy  
Ds. CCA Very

### **Ouderlinge**

Oudl. P Aucamp  
Oudl. GHJ Coetzee  
Oudl. W Grové  
Oudl. AS Kruger  
Oudl. SW Kruger  
Oudl. IJ Lessing  
Oudl. CRD Potgieter  
Oudl. GJ Swanepoel  
Oudl. C Thirion  
Oudl. WD van der Walt  
Oudl. BJ van der Walt  
Oudl. R Buys [afwesig met versk]  
Oudl. A Erasmus [afwesig met versk]  
Oudl. W Neethling [afwesig met versk]  
Oudl. ZC Venter [afwesig met versk]

## **Partikuliere Sinode Randvaal**

### **Predikante**

Ds. HF van Wyk  
Ds. D Laufs  
Ds. GNV Botha  
Dr. G Breed  
Ds. AH Mulder  
Ds. P Fanoy  
Ds. SD Snyman  
Ds. AL Coetzer  
Ds. RM van der Merwe  
Ds. C Hattingh  
Ds. HPM van Rhyn  
Ds. JA Schutte  
Ds. GM Vogel  
Dr. JM van Tonder  
Ds. PJ van Blerk

### **Ouderlinge**

Oudl. WP Coetzee  
Oudl. HO Howell  
Oudl. JJ Howell  
Oudl. GJH Scholtemeijer  
Oudl. A Opperman  
Oudl. H van der Merwe  
Oudl. TM Buys  
Oudl. JC van Rooy  
Oudl. PJ Buys  
Oudl. CCA van der Berg  
Oudl. JK Scholtz  
Oudl. LJ Kruger  
Oudl. CN van der Merwe  
Oudl. G Vermeer [afwesig met versk]  
Oudl. G Kotze [afwesig met versk]

## Partikuliere Sinode Noordwes

### **Predikante**

Ds. JP Bingle  
Ds. LJ Buys  
Ds. TC de Klerk  
Ds. JC Erasmus  
Dr. AH Grové  
Dr. WC Opperman  
Dr. JL Ras  
Dr. CJ Smit  
Dr. SJ van der Merwe  
Dr. SJ van der Walt  
Dr. WC Vergeer  
Ds. JB du Plessis  
Ds. JH Jordaan  
Ds. JG Noëth  
Ds. P Venter (sek)

### **Ouderlinge**

Oudl. JA Coetsee  
Oudl. AJ du Plooy  
Oudl. JM Earlé  
Oudl. JM Jooste  
Oudl. NJ Ranft  
Oudl. AJ Viljoen  
Oudl. JP Snyman  
Oudl. G van der Walt  
Oudl. JA Venter  
Oudl. DF du Toit  
Oudl. JJ Vorster  
Oudl. PJ Snyman  
Oudl. DJ de Kock  
Oudl. PH Ebersohn  
Oudl. PRP Potgieter (sek)

1.3.2 *Adviseurs*: proff. CFC Coetzee, BJ de Klerk, A le R du Plooy, JJ Janse van Rensburg, GJC Jordaan, PP Kruger, HF van Rooy, CJH Venter, FP Viljoen en JM Vorster.

### 1.4 *Verkiesing van Moderamen* (Art.3)

Die voorgestelde Ordekommissie word as Telkommissie aangewys.

Die Sinode verkies die volgende Moderamen:

Voorsitter: Ds. PJ van der Walt (Bethlehem)  
Ondervoorsitter: Dr. JL Ras  
Skriba: Dr. CJ Smit  
Adjunk-skriba: Ds. LD Aucamp

Ds. HS Coetzee dra die moderamen in 'n gebed op en die sinode sing hulle die seënbede van Ps. 134:4 toe.

#### 1.4.1 Die Moderamen (Art.4)

Die Moderamen neem hulle sitplekke in.

Die Voorsitter, ds. PJ van der Walt, rig 'n woord van dank vir die vertrouwe wat in die Moderamen gestel word. Hy spreek die bede uit dat dit God se stem en Woord sal wees wat in die vergadering gehoor sal word. Hy vra begrip vir mekaar se standpunte.

Ds. Van der Walt verwelkom al die afgevaardigdes, emeriti en besoekers asook die professore van die Teologiese Skool.

Die volgende verteenwoordigers van kerke uit die buiteland wat reeds teenwoordig is, word ook verwelkom:

Rev. Ray Sikkema, waarnemer van die URCNA  
Rev. David Groenenboom, afgevaardigde van CRCA  
Ds. Piet Busstra, afgevaardigde van die Nedl. GK  
Ds. Jan Wessels, afgevaardigde van die RCB  
Adv. Toyo Magaba, afgevaardigde van die FCSA  
Dr. R Brandt van die VSA as gasdosent aan die Teologiese Skool

#### 1.5 *Openlike Verklaring* (Art.5)

Die Voorsitter, ds. PJ van der Walt, lees die Openlike Verklaring voor, waarna alle afgevaardigdes staande hulle instemming betoon.

### 1.6 *Godsdiensoefening en Groete* (Art.15)

Prof. JH van Wyk lewer 'n rede uit 1 Joh. 1: 1-7 – “God is Lig”.

Die Voorsitter, ds. PJ van der Walt, rig 'n woord van dank aan prof. Van Wyk.

Die volgende groeteboodskappe word gelewer:

Die Voorsitter verwelkom prof. Piet Strauss van die NG Kerk en stel hom aan die woord.

Prof Strauss lewer 'n groeteboodskap namens die NG Kerk.

Die Voorsitter verwelkom ds. Dries Beukes van die Ned. Herv. Kerk en stel hom aan die woord.

Ds. Beukes lewer 'n groeteboodskap namens die Ned. Herv. Kerk.

Die Voorsitter verwelkom prof. FA van Staden van die AP Kerk en stel hom aan die woord.

Prof Van Staden lewer 'n groeteboodskap namens die AP Kerk.

Die Voorsitter verwelkom ds. MS Nefefe van Soutpansberg en stel hom aan die woord.

Ds. MS Nefefe lewer 'n groeteboodskap namens die Sinode Soutpansberg.

Die Ondervoorsitter, dr. JL Ras, rig 'n woord van dank aan die genoemde sprekers.

Die Voorsitter, ds. PJ van der Walt, sluit die godsdiensoefening af deur die afgevaardigdes Ps. 32:4 te laat sing.

## **2. AFGEVAARDIGDES ANDER KERKE/SINODES, GROETE, ENS**

### 2.1 *Groeteboodskappe*

#### 2.1.1 GROETEBOODSKAP VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Ek groet u in die Naam van Jesus Christus, die Heer en Hoof van die kerk. Dit is vir die Hervormde Kerk 'n voorreg om hierdie groeteboodskap aan u te bring. Ons Kerk loop 'n lang pad met die Gereformeerde Kerke in SA. Sedert die vyftigerjare is ons saam met u op die Tussenkerklike Kommissie (TKK) in 'n indringende gesprek betrokke oor kerkeenheid. Hierdie Sinode moet juis handel oor die TKK om groter statuur aan die liggaam te gee. Op plaaslike vlak, in verskillende stede en dorpe reg oor ons land en aangrensende lande, is daar hartlike samewerking ter wille van die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus. Omstandighede dwing die kerk soms om verby die verskille te kyk en die heil van ons lidmate voorop te stel. Dit is net nie altyd vir elke kerk moontlik om op sy eie die bediening op elke plek in stand te hou nie. Dit gaan in die nabye toekoms al hoe meer die geval wees. Daarom is dit noodsaaklik dat ons mekaar moet vind ter wille van die Woordbediening.

Tradisionele kerke het min of meer almal met dieselfde probleem te kampe. Ons kerkwees is prinsipieel-objektief baie goed gedefinieer soos dit in die Belydenisskrifte verwoord is (NGB, artt.27-20, HK vraag en antwoord 54). Hierdie kentekens van die ware kerk, glo ek, het ons deurgaans getrou nagejaag en beskerm. Die regte verkondiging van die Woord en gebruik van sakramente en miskien in 'n mindere mate die konsekwente toepassing van die kerklike tug, was nog altyd deel van ons kerkwees. Ten spyte hiervan daal die lidmaattal van ons kerke. Dit laat die vraag ontstaan: Hoekom? Ons sou waarskynlik baie vernuftige verklarings kon gee soos die afname in geboortesifers, die impak van emigrasie, die suigkrag van charismatiese groepe en nog vele ander redes. Baie ander het om verskillende redes natuurlik net gewoon post-kerk geraak en nie noodwendig post-geloof nie.

Dit laat die vraag of die kerk nie weer moet herbesin oor die wese van kerkwees nie. Moet ons nie naas die prinsipieel-objektiewe karakter van kerkwees, meer aandag gee aan wesenstrekke van kerkwees nie? Hoe leef die kerk sy geloof uit en hoe beleef mense die kerk? Sou ons nie meer aandag moet gee aan sake soos die gemeenskap (koinonia), viering (doksa), diens (diakonia) en getuienis (marturia) nie? Die kerk se eerste roeping is om die waarheid te preek, maar daarby kan dit tog nie bly nie. Ons moet dit so voorleef en uitleef dat dit mense aan die hart gryp. Om mense in hulle nood raak te sien en iets daaraan te doen, beteken om waarde by hulle lewens te voeg. Dit is om mense, soos Jesus gedoen het, aan te raak en 'n verskil aan hulle lewens te maak. Ons weet u het as Kerk al baie gedoen aan die saak. Tog kan daar nog baie meer hieraan gedoen word. Natuurlik moet daarteen gewaak word om die kerk te omvorm na mense se behoeftes. Veral omdat mense dikwels ten opsigte van die kerk 'n verbruikersmentaliteit ontwikkel het, kan daar so maklik in die slagat van kosmetiese verandering ter wille van mense se voorkeure getrap word. Ons glo u sal as Sinode hieroor besin met die nodige wysheid en insig.

Dit is ook nodig dat u oor belydenisaangeleenthede aan u lidmate en die breë kerklike publiek leiding gee oor die aspekte van die geloofsbelydenis waaroor daar debat gevoer word en waaroor mense in verwarring kom. Ons sal dit nie gewoon net kan afhandel deur te sê ons staan onverkort by die belydenis nie. Ons sal ook ter wille van die duidelikheid vir lidmate moet sê waarom bely ons soos ons bely. Die kerk se hantering van die Skrif en Belydenisskrifte is dus baie belangrik. Miskien is die voordeel van die debat oor die sogenaamde Nuwe Hervorming dat dit ons dwing om opnuut en met nuwe entoesiasme na die Belydenis te kyk.

Daar is baie ander sake wat die Sinode se aandag vra. Ek is nie seker of hulle almal op u Agenda is nie, maar om enkeles te noem: Homoseksualisme eis opnuut die kerk se aandag; so ook MIV / Vigs wat toenemend 'n probleem word wat ons eie lidmate raak; moraliteit waar mense se oordeel hulle so dikwels in die steek laat en laastens soek ons mense veral 'n boodskap van hoop. Vir baie het dit uit hulle lewe verdwyn.

Die kerk se uitsprake oor bogenoemde sake hou ten nouste verband met die geloofwaardigheid van die kerk wat deesdae uit verskeie oorde onder verdenking geplaas word. Dit is juis die uitdaging vir die kerk en dus ook vir die Gereformeerde Kerke om deur goed verantwoorde en goed geformuleerde besluite hierdie aanslae die hoof te bied.

Ons bid u Sinode 'n geseënde en vrugvolle vergadering toe. Mag God u lei met die wysheid en insig om te besin en besluite te neem wat vir u Kerk en vir die gelowiges in SA tot voordeel sal strek.

Ds. APJ Beukes (NH Kerk Swartkop, Pretoria).

### 2.1.2 GROETEBODSKAP VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

Dit is vir ons 'n voorreg om aan u groete en seënwense oor te dra – 'n voorreg omdat dit ons gegun word om 'n hand van vriendskap en broederlike liefde te reik aan 'n kerk wat in 'n moeilike tyd en onder moeilike omstandighede sy geloof en sy liefde vir

die Here en sy Woord en die Belydenisskrifte behou het en steeds onbeskaamd verdedig.

Rondom ons lok verleidende stemme mense in alle rigtings weg van die kerk, onder meer ook na 'n nuwe "hervorming". So 'n "hervorming" wat belangrike Skrifwaarhede en die Belydenisskrifte verwerp, behels eerder 'n poging om die liggaam van Christus wanstaltig te vervorm. Mag die Gees van die Here u steeds lei om die aanslae van sodanige kankers met die waarheid uit Gods Woord genesend te bestraal en eg gereformeerde besig te bly.

Ons bid u 'n vrugbare Sinode toe.

*Skriba: Sentrale Kerkekommissie: Dr. MC Adendorff.*

### 2.1.3 GROETEBOODSKAP VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEREDE KERK

Laat my toe om dit heel aan die begin te sê dat dit vir my 'n stimulerende geloofservaring is om met Gereformeerdes van 'n ander kerkgemeenskap in 'n geestelike byeenkoms soos hierdie saam te wees. Vir my is die diepste vorm van geestelike eenheid wat daar tussen mense kan wees, die geloofseenheid in Jesus Christus. En, as daardie eenheid in ons veelbewoë tyd boonop nog 'n eenheid rondom die kernwaarhede en –implikasies van die Evangelie insluit, as dit ook 'n eenheid in belydenis is, beteken dit soveel meer.

U kom bymekaar op 'n stadium in ons geskiedenis hier aan die suidpunt van Afrika waarin daar in ons liberaal-demokratiese bestel sterk klem gelê word op die oortuigings en wil van die meerderheid. U kom ook byeen te midde van ernstige twyfel of daar 'n uitweg is uit die talle probleme wat ons gemeenskappe op hierdie subkontinent in die gesig staar. Internkerklik ontkom u ook nie aan die kulturele en, helaas, ook lewensbeskoulike verskuiwings wat Afrikaanssprekendes en ook Afrikaner-Doppers tans ondergaan nie.

In so 'n situasie kan die versoeking daar wees vir die kerk of 'n sinode om te probeer om oor alles die bevrydende woord te spreek. Trouens, daar is kommentators wat die relevansie van die kerk – nie van vandag af nie – telkens probeer meet aan sy politiek-sosiale impak of in watter mate hy progressiewe politiek na die mond praat.

As gereformeerde, met 'n ontsag vir die werking van die Gees van die Here in 'n Sinode soos hierdie, is dit nie my verwagting van u nie.

Ek glo dat u die Gereformeerde saak in ons wêrelddeel sal dien as u:

- As kerk en op die manier van die kerk sal optree: dit is, vanuit die Bybel as Woord van God met grondige eksegeese die grondlyne vir u optrede trek en dit nie uit die oog verloor dat die kerk per definisie 'n geloofsgemeenskap is nie.
- 'n Behoorlike onderskeid maak tussen norm of beginsel en toepassing. Die beginsel moet altyd bly, maar die toepassing daarvan kan verander en ontwikkel. Dit is vanuit hierdie beginsels of kernwaarhede wat gereformeerdes en die gereformeerde kerke in ons omgewing 'n verskil kan maak. Maar dan moet ons nie alles relativer en ons apartheidsverlede ons nie inhibeer nie. Dit gaan nie om

ons en ons voorbeeld nie. Dit gaan nie om ons aanspraak op 'n onbevleete verlede nie, maar om die feit dat ons uit die genade van God leef en dat die beginsels van die Skrif en geboorte van God nooit hulle relevansie verloor nie. 'n Kerk van die Woord is 'n relevante kerk.

- As gereformeerdes aan die wêreld wys dat gereformeerdeheid – soos by Calvyn – saam loop met 'n hart vir ander en die nood van jou omgewing. Dat gereformeerdeheid die ware Bybelse leer veronderstel, maar nie neerkom op verstokte leersuiwerheid of 'n sektariese twissoekerigheid nie. Daarvoor is die uur vir gereformeerdeheid in ons land in elke geval te laat. Dit het tyd geword dat gereformeerdes mekaar vanuit die kernwaarhede van die Woord inspireer en kleiner verskille na die agtergrond skuif.
- Nie probeer om alles vir almal te wees nie – al woon die oorgrote meerderheid van u in hierdie liberale demokrasie – maar bereid moet wees om oor kernsake in die lig van die Woord standpunt in te neem. Al skel die aasvoëls in ons moderne openbare debat en al verstom u jonges wat begin glo het dat 'n kerk se grootste bate in sy sosiale en kulturele verbruikersvriendelikheid lê.

Hiermee verseker ek u graag dat ek vir u vergadering bid.

*Ondervoorsitter Algemene Sinodale Kommissie NG Kerk: Prof. Piet Strauss*

## 2.2 Afgevaardigdes ander Kerke/Sinodes

2.2.1 Prof. Eric Peels en ds. Henk Last van die CGKN (Art.36).

2.2.2 Ds. Joseph Sethlare van Sinode Middellande (Art.36).

2.2.3 Ds. JH Maclean van die Free Church of Scotland (Artt.39,96).

Ds. BCG Fourie stel ds. Maclean aan die Sinode voor. Ds. Maclean dra die groete van die Free Church of Scotland aan die Sinode oor. Dr. CFC Coetzee rig 'n dankwoord.

2.2.4 Di. Pieter Nell en Johan Bosman van die Vrije Gereformeerde Kerk (Art.85).

2.2.5 Groetebodskappe oorgedra deur (Art.116):

### 2.2.5.1 Kerke in korrespondensie

2.2.5.1.1 Prof. HGL Peels, CGKN, voorgestel deur prof. HF van Rooy, bedank deur dr. WC Opperman.

2.2.5.1.2 Ds. D Groenenboom, CRCA, voorgestel deur ds. MJ du Plessis, bedank deur dr. J le Roux.

2.2.5.1.3 Ds. J Wessels, RCB, voorgestel deur ds. JE Franck, bedank deur ds. IW Ferreira.

2.2.5.1.4 Ds. P Busstra, NedGK, voorgestel deur dr. SJ van der Merwe, bedank deur dr. FW de Wet.

2.2.5.1.5 Rev. J Rogers, RCNZ, voorgestel deur ds. D Laufs, bedank deur dr. HG Stoker.

### 2.2.5.2 Kerke in Kerkverband

2.2.5.2.1 Ds. TJ Sethlare, Sinode Middellande, voorgestel deur dr. SJ van der Merwe, bedank deur dr. FRP de Bruyn.

### 2.2.5.3 Waarnemers

2.2.5.3.1 Ds. R Sikkema, URCNA, voorgestel deur dr. MJ du Plessis, bedank deur dr. DG Breed.

2.2.5.3.2 Ds. T Magaba, FCSA, voorgestel deur ds. PH Fick, bedank deur ds. CB Swanepoel.



2.2.5.3.3 Ds. H Ten Brinke, GKN(V), voorgestel deur prof. JM Vorster, bedank deur prof. A le R du Plooy.

2.2.5.3.4 Ds. P Nell, VGKSA, voorgestel deur ds. PW Kurpershoek, bedank deur dr. CJ Smit.

### 2.3 *Groeteboodskap Rektor PU vir CHO (Art.166)*

Dr. PW Bingle stel die rektor, dr. Theuns Eloff, aan die Sinode voor.

Dr. Eloff rig 'n woord tot die Sinode.

Geleentheid vir vrae word gegee.

Ds. D Laufs bedank dr. Eloff.

### 2.4 *Telegramme/E-posbriewe (Art.115)*

Die volgende boodskappe en mosies is ontvang:

2.4.1 Die Gereformeerde Kerk Lydenburg, boodskap ontvang van ds. AH Steyn en br. RG Venter.

2.4.2 Ds. en mev. Frans en Annaline de Bruyn (emeritus Kempton Park-Noord), boodskap ontvang deur dr. Braam Krüger.

2.4.3 Br. Daan (DC) Bester.

2.4.4 Ds. Botha Enslin vanuit Tasmania, Australië.

2.4.5 Ds. David H Engelhard, CRC.

### 2.5 *Mosies en gelukwensing (Artt.98, 115, 148, 169)*

#### 2.5.1 Mosies van gelukwensing

Aan dr. CFC Coetzee en ds. TD Mashau met hulle beroeping en bevestiging DV Sondag 12 Januarie 2003 as professore aan die TSP. Ten opsigte van dr. Coetzee ook gelukwense met sy bevestiging deur sy vader, prof. Peet Coetzee.

Die Sinode betuig sy gelukwense met dr. PW Bingle met die onlangse spesiale toekenning wat hy van die FAK ontvang het.

'n Woord van hartlike gelukwense aan dr. Cornel en sr. Hanlie met hul seun prop. Inus Nagel met sy beroepbaarstelling en beroeping na Magol gemeente. Die seën van die Here word hulle en prop. Nagel toegebid.

Gelukwense aan ds. Pieter van der Walt (Bethlehem) met sy seun Sarel se beroep en bevestiging op Bethulie.

Mosie van gelukwensing met tien predikante, sommiges teenwoordig tydens dié Sinode, wat 25 jaar in die bediening is: Di. WJK Saayman, ME Schalekamp, MJ Smidt, T Kruger, TC de Klerk, CJH Breedts, JH Cilliers, NJ van der Walt, PJ van der Walt en SF Kruger.

Broeders teenwoordig wat sedert die vorige Sinode gedoktoreer het: Prof. Paul Kruger, dr. Fritz de Wet, Ferdi Kruger, Nico Vorster, Victor D'Assonville, Francois Kruger, AJ Kruger.

#### 4.2.2 Mosies van meelewing

Die Sinode betuig diepe meegevoel met die families van broeders en susters wie ons reeds vooruitgegaan het na ons Vaderhuis. Ons bid die vrede van ons Here toe aan die families van die volgende:

Ds. GBC Bester, Ds. JC van der Walt, Prof. JC Coetzee, Dr. D Kempff, Ds. C Hattlingh (sr), Ds. MJ Booyens, Mev. CM Venter (Van der Walt) weduwee van prof Naas (IJ) van der Walt, Mev. AC Stavast (ds LH Stavast), Mev. AC Buys (ds.LJ Buys – emeritus), Mev. Lena Duvenage (dr.SCW Duvenage), Ds. BJ Lombard (Kempton Park), Dr. FW Buytendach, Mev. AJM Coetzee (ds. JH Coetzee – emeritus), Ds. HJ Kruger (emeritus), Mev. L Buys (prof. PW Buys), Mev. EA Snyman (ds. EFJ Snyman se moeder), Mev. EM van der Walt, Prof. GPL van der Linde, Dr. AGS Venter, Ds. JJ de Klerk, Br. IJ (Sakkie) Venter (skoonvader prof. Dries du Plooy en ds. Danie de Kock), Sr. Annice van der Walt (moeder van oudle. WD en BJ van der Walt en sr.

Jacoba en prof. HF van Rooy), Br. Hendrik Venter (seun van ds. en mev. Willie Venter), Hendré Breytenbach (4) (kleinseun dr. PW Bingle en Mariane, seun van hul dogter Salomé), Br. Alwyn Malan (pa van ds. Jan Malan), die vader van br. Piet Lourens asook die moeder van br. Hannes Vorster wie die afgelope week begrawe is, die moeder van Dr. Callie Opperman, die kleinseun van Ds. Christo van Vuuren (Kempton Park), die vader van Ds. Jan-Carel Erasmus, die seun, Cassie, van Prof. Cassie en mev. Mariana Venter, die swaer van ds. Jan Malan en seun van ds. Fires van Vuuren asook prof. HF van Rooy met die afsterwe van sy vader, moeder en skoonmoeder, ds. PJ van der Walt (afsterwe van moeder) en ds. SJMS Smit (afsterwe van broer in 'n vliegongeluk).

#### 4.2.3 Mosies van bemoediging

Aan br. Bert Coetsee met sy ernstige siekte. Ook opregte waardering vir sy goeie werk aan die Kerkmuseum.

Aan prof. Faan Denkema met die langdurige ongesteldheid van sy eggenote, sr. Linda Denkema.

Hoewel die Sinode met leedwese kennis geneem het van die gebeure rondom die verlies van die kerklike gelde, neem dit nie weg die goeie werk wat die Bestuur van die Administratiewe Buro verrig nie.

Gevolgtik wil die Sinode sy waardering oordra aan die Bestuur van die Administratiewe Buro wat oor jare verskeie sake positief bestuur het.

Die Sinode dra die Bestuur aan die genade van die Here op om in hierdie tyd met kalmte, nugterheid en wysheid op te tree en hulle dienswerk voort te sit.

Ds. Vickus Buys wie se moeder ernstig siek is.

Ds. Peet Rule wie ernstig siek is.

Mev. Sannie Booyens vanweë swak gesondheid.

Ds. en mev. Willie Venter (emeritus Boksburg) met baie swak gesondheid.

Dr. Jan Venter, Pretoria-Annlin, met sy siekte.

Dr. JL Ras se dogter Bettie het komplikasies na 'n operasie.

Ds. FJ van Deventer – siekte.

#### 4.2.4 Mosies vir voorbidding

Die Sinode het met skok verneem van die tragiese treinongeluk in Kraaifontein, Kaapstad. Graag betuig die Sinode sy innige meegevoel met almal wat getref is deur die groot lewensverlies as gevolg van die ongeluk. Ons bid ook herstel toe vir die groot aantal persone wat beseer is.

Eenheid 2 van Duvha Kragssentrale is op 7/1/03 deur 'n ontploffing beskadig. Skade is van Nasionale belang. Die Sinode doen voorbidding vir nooddienspersoneel.

#### 4.2.5 Gelukwense met verjaarsdae/huweliksherdenkings

6 Januarie: Ds. PH Fick word gelukkigewens met sy verjaarsdag.

9 Januarie: Oudl. TM Buys word gelukkigewens met sy huweliksherdenking.

13 Januarie: Ds. JP Bingle word gelukkigewens met sy verjaarsdag.

14 Januarie: Ds. P Venter word gelukkigewens met sy verjaarsdag.

#### 4.2.6 Ander gelukwense

Sr. Wymie du Plessis en sr. Corrie Postma met die verwerwing van Honneursgrade.

Ds. PK Lourens se dogter Tharina – 9 onderskeidings.

Br. Hannes Vorster se seun Schalk – 6 onderskeidings.

Ds. MJ du Plessis spreek 'n woord van dank dat hy as predikant terug kan wees in die bediening.

### **3. DAGSLUITINGS**

3.1 Dagsluiting, Maandag 6 Januarie 2003 (Art.19)

Oudl. PRA Potgieter laat sing Ps 89:1 en doen 'n gebed.

- 3.2 Dagsluiting, Dinsdag 7 Januarie 2003 (Art.43)  
Oudl. IJ Lessing laat sing SB 33 en doen 'n gebed.
- 3.3 Dagsluiting, Woensdag 8 Januarie 2003 (Art.83)  
Oudl. Dolf van Wyk laat sing Ps 130:1 en 2 en doen 'n gebed.
- 3.4 Dagsluiting, Donderdag 9 Januarie 2003 (Art.112)  
Oudl. FK van Schalkwyk lees uit Op 16:12-18, laat sing Ps 118:14 en doen 'n gebed.
- 3.5 Dagsluiting, Vrydag 10 Januarie 2003 (Art.19)  
Oudl. AD Goede lees uit Rom 13, te laat sing uit Ps 119:39 en doen 'n gebed.
- 3.6 Dagsluiting, Saterdag 11 Januarie 2003 (Art.145)  
Oudl. BD Bakker sluit die week se verrigtinge af deur te lees uit Genesis 1:1 en 2, Joh 1:1-5 en Op 22:21, doen 'n gebed en laat sing uit Ps 84:3.
- 3.7 Dagsluiting, Maandag 13 Januarie 2003 (Art.166)  
Oudl. TM Buys laat sing Ps 38: en doen daarna 'n gebed.
- 3.8 Dagsluiting, Dinsdag 14 Januarie 2003 (Art.193)  
Oudle. JE Kotze lees uit Ps 139:23 en 24 en laat sing uit Ps 25:2 en 6 doen daarna 'n gebed.
- 3.9 Dagsluiting, Woensdag 15 Januarie 2003 (Art.227)  
Oudl. W Grové laat die afgevaardigdes sing van SB 50 en doen daarna 'n gebed.

#### **4. DAGOPENINGE**

- 4.1 Dagopening, Dinsdag 7 Januarie 2003 (Art.20)  
Dr. NP Heystek lees 1 Kor 4:20, laat sing Ps 150:1 en 3, SB 44:4, doen 'n gebed en laat daarna sing uit SB 29:7 en 8.
- 4.2 Dagopening, Woensdag 8 Januarie 2003 (Art.44)  
Dr. PW Bingle lees Jer 6:16, laat sing Ps 119:29 en 39 en doen 'n gebed.
- 4.3 Dagopening, Donderdag 9 Januarie 2003 (Art.84)  
Ds. JP Bingle lees Ps 118, laat sing Ps 118:2 en 3 asook 7 en 14 en doen 'n gebed.
- 4.4 Dagopening, Vrydag 10 Januarie 2003 (Art.113)  
Ds. SA Cilliers laat sing Ps 99:1 en 2, lees uit Dan 5, gaan voor in gebed en laat daarna sing uit Ps 103:1 en 11.
- 4.5 Dagopening, Saterdag 11 Januarie 2003 (Art.129)  
Dr. DJS Steyn laat sing van Ps 116:7 en 10, lees uit Handeling 22:1-10 en laat weer sing uit Ps 86:6 en gaan in gebed voor.
- 4.6 Dagopening, Maandag 13 Januarie 2003 (Art.146)  
Ds. HPM van Rhyn lees enkele verse uit 2 Kor 2 nadat Ps 145:1, 9 en 10 gesing is en gaan daarna voor in gebed.
- 4.7 Dagopening, Dinsdag 14 Januarie 2003 (Art.167)  
Ds. GNV Botha laat sing Ps 33:11, gaan voor in gebed en lees daarna uit Gal 4.
- 4.8 Dagopening, Woensdag 15 Januarie 2003 (Art.194)  
Ds. TJ Potgieter laat sing Ps 42:1, lees enkele verse uit Fil 3, doen 'n gebed en laat weer sing uit Ps 18:1.
- 4.9 Dagopening, Donderdag 16 Januarie 2003 (Art.228)  
Dr. AH Grové laat sing van Ps 149:1 en 2, lees uit Jak 1 en doen 'n gebed.

#### **5. DAAGLIKSE PRESENSIE**

- 5.1 Maandag 6 Januarie 2003 (Art.16)  
Di. JL Aucamp (OVS en Natal), GNV Botha (Randvaal), oudl. BD Bakker (Oostelike Part Sin), di. MS Nefefe en DR Phaswana (Soutpansberg) sluit by die Sinode aan en betuig hulle instemming met die Openlike verklaring.

## 5.2 Dinsdag 7 Januarie 2003 (Art.22)

Verskoning vir afwesigheid: dr WC Vergeer en dr. FP Kruger vir Woensdag.

Dr. G Breed en ds. SD Snyman verklaar instemming met die Openlike Verklaring.

## 5.3 Woensdag 8 Januarie 2003 (Art.44)

Ds. E Kayayan word verwelkom en betoon instemming met die Openlike Verklaring

## 5.4 Donderdag 9 Januarie 2003 (Art.85)

Verskoning vir afwesigheid: prof. GJC Jordaan, ds. J van Schaik, oudl. J van der Walt, ds. WJ Botha en oudl. JL Muller.

## 5.5 Vrydag 10 Januarie 2003 (Art.114)

Oudl. WJ Cilliers verklaar instemming met die Openlike Verklaring.

Verskoning vir afwesigheid: drr. J le Roux, NP Heystek, SF Kruger, di. NW Ligthelm, LD Aucamp, oudle. A Kruger en ASA de Bruyn.

## 5.6 Saterdag 11 Januarie 2003 (Art.130)

Verskoning vir afwesigheid (meestal vanaf 13:00): Dr. IC Bekker, di. PJ Venter, LJ Buys, P Venter, TJ Potgieter, PH Fick, MJ Smidt, JA Schutte, W Vogel, oudle. CJ Kruger, L van Dalsen, FK van Schalkwyk, JW du Plessis, NJ Ranft, JJ Vorster, P Aucamp, IJ Knoesen, AJ Fourie.

Verskonings word ook aangebied deur: Oudl. NJ Ranft vir Maandag 13 Januarie 2003 en prof. BJ de Klerk en ds. R Letsosa vir Woensdag 15 en Donderdag 16 Januarie 2003.

Oudl. G van der Walt gee ook kennis dat hy deur oudl. K Basson (sek) vervang word vir die Sinode sitting vanaf 13–16 Januarie 2003.

## 5.7 Maandag 13 Januarie 2003 (Art.147)

Verskoning vir afwesigheid: Dr. JM van Tonder, oudle. G van der Walt, P Aucamp, LJ Buys

Eerste keer teenwoordig: Oudle. Kobus Basson, KJ Nieuwoudt, dr. PJ Vermeulen en ds. Rob Visser VGK

## 5.8 Dinsdag 14 Januarie 2003 (Art.168)

Di. S Hibbert, W van den Heever en JD Venter, oudl. DS Theunissen (Bosveld) betoon instemming met Openlike Verklaring

## 5.9 Woensdag 15 Januarie 2003 (Art.196)

Verskoning vir afwesigheid: oudl. H Wright, ds. EJ Tiemensma, proff. PP Kruger en CFC Coetzee.

## **6. BESOEKERS**

6.1 Prof. PJ Coetzee (emeritusprofessor) (Art.39).

6.2 Di. DE Serfontein, FJ van Dyk, dr. PJ Buys, br. Dries Kruger, dr. HAD du Toit, br. Folkert en sr. Hannie Koning en br. C Aucamp (Art.85).

6.3 Ds. D Postma en prof PH Stoker (Art.147).

6.4 Proff. JL Helberg en B Duvenage (Art.168).

6.5 Dr. Willie Botha (NGK) (Art.168).

## **7. GOEDKEURING VAN DIE NOTULE**

7.1 Die notule word voorgehou van artt.1 tot 42 (Art.86).

7.2 Notule vanaf artt.43-145 (Art.182).

7.3 Die notule word goedgekeur vanaf artt.145 tot 192 (Art.231).

7.4 Die notule word goedgekeur vanaf artt.193 tot 236 (Art.246)

7.5 Die res van die notule word verwys na die Deputate Uitgee van die Handeling (Art.246).

## 8. RAPPORT VAN DIE ROEPENDE KERKRAAD (Art.6)

A. Ds. HS Coetzee stel die Rapport.

B. **Besluit:** Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

### C. RAPPORT

Die Roepende Kerkraad rapporteer soos volg oor die oproep en ontvangs van die Nasionale Sinode 2003.

#### 1. Oproep

Die oproep van die Sinode is vroegtydig in *Die Kerkblad* (22 Mei 2002) gepubliseer, terwyl oproepe later aan al die Deputate vir Korrespondensie van die Partikuliere Sinodes gestuur is.

#### 2. Kredensiebriewe

Hieroor sal tydens die vergadering gerapporteer word.

#### 3. Huisvesting

Die Universiteitskoshuis, Kom-en-Gaan, is tot die beskikking van die Roepende Kerkraad gestel. Die afgevaardigdes kan volgens keuse saam met 'n kamermaat geplaas word. Die eetsaal van Kom-en-Gaan word deur die afgevaardigdes gebruik en daar is voorsiening gemaak vir nie-koshuisinwoners om teen vasgestelde tariewe ook in die koshuis te eet. Vir die buitelandse besoekers is ook verblyf gereël en die sportfasiliteite van die Universiteit is tot die beskikking van die afgevaardigdes gestel.

Die Sinodegangers kan van die Universiteitskoshuise gebruik maak van Sondag 5 Januarie tot Donderdag 16 Januarie 2003.

#### 4. Verversings

Die susters van die Potchefstroomse gemeentes sal aan die afgevaardigdes koffie, tee en vrugtesap tydens die pouses verskaf.

#### 5. Godsdiensoefening

In ooreenstemming met die besluit van die Nasionale Sinode 1967 is gereël dat die Sinode op die openingsaand (6 Januarie 2003) om 19:00 in die kerkgebou van Potchefstroom-Noord saamkom. Die godsdiensoefening staan onder die toesig van Potchefstroom-Noord.

**Besluit:** Van 1-5 is kennis geneem.

#### 6. Sittingsstye

Die Roepende Kerkraad beveel, in ooreenstemming met die sittingsstye van die vorige Sinode, die volgende tye aan:

Weeksdae: 08:00 – 10:30 (Teepouse)

10:45 – 12:45

14:30 – 16:00 (Teepouse)

16:15 – 17:45

19:00 – 21:00

Saterdag: 08:00 – 10:30

10:45 – 12:45

**Besluit:** Goedgekeur.

## 7. Verwelkoming

Alle afgevaardigdes en besoekers is hartlik welkom op Potchefstroom en die Roepende Kerkraad sal graag u verblyf so aangenaam as moontlik maak.

Ons bid dat die Here sy seën sal gee sodat hierdie vergadering die instandhouding en groei van die Gereformeerde Kerke sal dien.

**Besluit:** Goedgekeur.

## D. AANVULLENDE RAPPORT

Kredensiebriewe is van al die Deputate Korrespondensie van die Partikuliere Sinodes ontvang. Dit is behoorlik onderteken en in orde gevind.

**Besluit:** Goedgekeur.

## 9. RAPPORT VAN DIE DEPUTATE KORRESPONDENSIE VAN DIE AGENDA

A. Ds. LH van Schaik stel die Rapport.

B. **Besluit:** Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

## C. RAPPORT

### Opdrag

Acta 1991:60, 5.4 en Acta 1997:37, 3.3.12.2.

- 1.1 Uitnodiging aan kerke, instansies, Sinodes om groete oor te bring
- 1.2 Uitnodigings te rig om afgevaardigdes te stuur
- 1.3 Uitnodiging te rig om waarnemers te stuur
- 1.4 Stukke vir die Agenda te ontvang, te orden, persklaar te maak, te laat druk en aan die afgevaardigdes te stuur
- 1.5 Die vergadering byeen te roep om die programmering van die Agenda te doen
- 1.6 SAPA en CNW van die Sinodesitting in kennis te stel
- 1.7 *Benoeming van Deputate*
  - 1.7.1 Verwittig benoemde Deputate van die Sinode van die benoeming
  - 1.7.2 Benoem Deputate waar die Sinode in gebreke gebly het om dit te doen
- 1.8 Tref reëlins dat groete namens die Gereformeerde Kerke van die Nasionale Sinode oorgebring word
- 1.9 Gaan die Handeling van die Nasionale Sinode 1997 deur en gee die sake wat by die Algemene Sinode tuishoort, vir kennisname en behandeling deur. Die Deputate moet ook die kredensiebriewe, soos gereël in Sinode 1991, in orde kry
- 1.10 Benoeming van 'n korrespondent vir Radio- en TV-nuusversameling
- 1.11 Registrasie van huweliksbevestigings uit ander Nasionale Sinodes deur die Administratiewe Buro op Potchefstroom
- 1.12 Die Deputate ontvang korrespondensie, hanteer dit sover dit binne hul opdrag val, of verwys dit na ander Deputate wat wel die betrokke saak hanteer.

**Besluit:** Kennis geneem.

## **2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem**

